

Moenie 'n geestelike konfytbottel wees nie

Al die konfytbottels op die winkels se rakke het vervaldatums. 'Sell-by dates' noem die Engelse dit. lewers verval hulle. Daarom word hulle goed gepreserveer sodat hulle 'n lang rakleefydperk kan hê. Dit lyk my party gelowiges doen dieselfde met hulle geloof. Hulle is in selfpreserveringsmodus. Die meeste van hulle gebede gaan daaroor dat hulle beskerm moet word, nie dat hulle deur die Here gebruik moet word nie. En dat hulle veilig moet wees, nie dat hulle saam met Jesus in die storms na drenkelinge moet help soek nie.

Voordat jy verkeerd hoor, natuurlik mag ons bid om bewaring en veiligheid, maar dit mag nie die hoofklem van ons gebede wees nie. Of ons lewens oorheers nie. Dan is ons in oorlewingsmodus. Dan wil ons eintlik net ons eie rakleefyd verleng. Ons pleitroep moet wees om deur die Here gebruik te word. Om 'n dissipel van Christus te wees, is immers om soos die Samaritaan van [Lukas 10](#) te leef. Hy het sy hande vuil gemaak met die bloed van 'n onbekende man, wat onder rowers deurgeloopt het. Ook het hy sy beursie oopgemaak om vir hierdie man se versorging te betaal. Om 'n dissipel te wees, is om saam met Stefanus te loop, wat in [Handelinge 7](#) bid dat die Here sy vyande moet vergeef, terwyl hulle hom met klippe doodgooi. Jesus se navolgers deins nie van opofferings en teenstand terug nie. Hulle loop altyd op die hakke van hul Heer. Hulle is nie besig om in geestelike konfytbottels te verander, wat

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir mense wat COVID-19 het
- *Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- *Bid vir Johan Kotze-volle genesing
- *Bid vir Tannie Marinda Jordaan-het beroete gehad-bid vir volle genesing

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



WAT sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?
Romeine 6:1-2

Wie die Here dien, se lewe is veilig;
so 'n mens slaap rustig, geen ramp tref hom nie.
- Spr 19:23 ANV

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

HE.
**LEI MY IN U WAARHEID EN LEER MY,
WANT U IS DIE GOD VAN MY HEIL.
U VERWAG EK DIE HELE DAG.**



PSALM 25:5